# PSALM 18

C
1. Ek het U hartlik lief, Yahweh!
G C
U is my sterkte~en teëweer.

Yahweh's my rots, my vesting sterk,
G C
my Redder wat my heil bewerk,
F C
my rots wanneer die stormwind huil,
G C
my skild, die weerkrag van my heil,
F C
my vesting op die bergkrans steil,
G C
by wie ek vas en veilig skuil.

C
2. Tot U, van wie my lofsang is,
G C
roep ek in my benouenis,

en – van my vyand word ek vry!
G C
Want bande van die dood het my
F C
omring en strome van verderf,
G C
wat aanstorm uit die donker wyk
F C
van kuil en graf en doderyk,
G C
met kwellings waar die hart by sterf.

C
3. Sy ordening, dié was voor my,
G C
ek het Sy Woord getrou gebly.

Ek was opreg van hart voor Hom
G C
en wou op onregspad nie kom;
F C
sodat Yahweh, Sy trou tot prys,
G C
en na die reinheid van my hand,
F C
Sy Woord gegee het as my pand
G C
en my my reg het toegewys.

```
        C
4.      Barmhartig, vol van derenis,
                  G             C
        is U vir wie barmhartig is;

        en wie opreg is, U sal hom
                     G           C
        ook met opregtheid teëkom.
                     F              C
        By hul wat reinheid rein bemin,
                     G             C
        hou U, die Heil’ge, U ook rein;
                      F             C
        maar vir wie leef in valse skyn,
                   G                C
        is U ook self verkeerd van sin.

        C
5.      Yahweh verlig die harde juk
                     G                C
        van wie hier sug in leed en druk;

        maar Hy verneder dié wat hoog
                   G            C
        en ydel is van hart en oog.
                        F             C
        My lamp brand in die donker uur;
                      G             C
        Yahweh’t my donker opgeklaar!
                    F               C
        Met Hom storm ek ‘n leërskaar
                      G                 C
        en met Hom spring ek oor ‘n muur!

        C
6.      Yahweh se weg volmaak soos Hy,
                       G               C
        Sy Woord van al wat smet is, vry;

        soos goud, gelouter sewe maal.
                   G               C
        Hy is ‘n skild van keurmetaal
                   F              C
        vir almal wat op Hom vertrou.
                      G                  C
        Want wie’s daar buiten U, Yahweh!
                  F                 C
        U is die rots, geen ander meer,
                     G              C
        op wie ons altyd weer kan bou.
```

C
7. Die skild van redding gee U my,
          G              C
U regterhand was my naby;

U goedheid het tot my genaak
           G                 C
en my uit kleinheid groot gemaak.
               F                 C
My voet was deur U guns weer vry,
            G            C
my enkels het my nie gefaal,
            F        C
ek het my vyand ingehaal,
             G              C
verdelg, geeneen het oorgebly.

C
8. U wat my red, my hoog verhef,
          G              C
die vyand fnuik, tiranne tref –

ek wil U loof, U eer besing
           G            C
U voor dié volke hulde bring.
        F              C
Ek wil U vir verlossing prys!
             G            C
Aan U gesalfde~is guns bewys,
            F            C
aan Dawid en sy nageslag:
            G                C
“Aan U die eer en roem en krag!”